**Die Here voorsien Rebekka as vrou vir Isak (OP158)**

**Gen 24:1-67**

**10 Desember 2023**

Soos wat ons laasweek gesien het, is ons besig om die einde van die werk van die Here in en deur Abraham te nader. Laasweek het ons stil gestaan by Sara wat gesterf het. Abraham het dit aangegryp as ‘n geleentheid om ‘n graf as eiendom te bekom vanaf die Hetiete wat in Hebron gewoon het. Na verskeie rondtes van onderhandelinge het Abraham op die ou end die grot van Magpela met die grond waarop dit geleë was, wettiglik gekoop, en naas die put by Berseba, was dit die enigste deel van die beloofde land wat hy besit het. Hierdie graf sou ‘n familiegraf word vir die volgende drie geslagte van stamvaders: Abraham en Sara, Isak en Rebekka, asook Jakob en Lea. Hierdie graf het ‘n simbool van hoop geword, veral gedurende die 400 jaar voordat die vierde geslag die beloofde land ingeneem het. Abraham se liggaam is alreeds 4000 jaar in daardie graf. Ons het dit vergelyk met Jesus, wat geen moeite gedoen het om ‘n graf te bekom nie – want Hy het geweet Hy sou net 3 dae in die graf wees voor Hy opgestaan het uit die dood. Ons begrawe steeds gelowiges wanneer hulle sterf – en ons doen dit met hoop en sekerheid. Ons weet ons begrawe net die liggame, terwyl die siele van die gelowiges alreeds in die hemel by die Here is – juis omdat Jesus se graf leeg is. Ons weet ook dat hierdie liggame sal opstaan met die wederkoms en herenig sal word met die siele van die gelowiges, en daarna sal die volle vervulling van die beloftes aan Abraham vir hulle almal gelyktydig aanbreek – dit sál gebeur, want die Here het dit beloof, en dit bevestig met ‘n eed by Homself.

Vandag kyk ons na Gen 24. En die hoofstuk beskryf vir ons nog ‘n afsluiting. Ons sien in hierdie hoofstuk hoedat Abraham as’t ware besig is om van die toneel te verdwyn, en die fokus begin skuif na die werk van die Here deur Isak. Ons lees byvoorbeeld in Gen 24:6-8 die laaste direkte woorde van Abraham wat in die Bybel opgeteken is. Ons lees in vers 1 dat Abraham oud was en gevorderd in jare. In hierdie hoofstuk lees ons dat Isak met Rebekka getroud is. Ons weet uit Gen 25:20 Isak was 40 jaar oud toe hy met Rebekka getroud is. Siende dat Abraham 100 jaar oud was met Isak se geboorte, beteken dit Abraham is nou 140 jaar oud. Dit is so dat Abraham eers op ‘n ouderdom van 175 jaar oorlede is (Gen 25:7) – hy het dus nog 35 jaar geleef na die gebeure in Gen 24, maar die fokus van die openbaringsgeskiedenis is reeds besig om te skuif vanaf Abraham na Isak.

Gen 24 is ‘n lang hoofstuk, maar ek wil dit tog in sy geheel hanteer, siende dat dit ‘n eenheid vorm. Ons dink ook gewoonlik aan hierdie gebeure as ‘n mooi stukkie geskiedenis – immers is dit ‘n mooi verhaal van hoe Isak ‘n vrou gekry het, en kyk maar net hoe eindig dit in vers 67: Rebekka het Isak se vrou geword, en hy het haar lief gehad, en is boonop hierdeur getroos na die dood van sy ma Sara. Dit is tog aangrypend. Wat netso aangrypend is, is dat die Here nie eenkeer in hierdie hoofstuk direk aan die woord kom nie, en tog is dit onmiskenbaar duidelik dat die Here hier aan die werk is. Ek wil die hoofstuk oordink, deur geleidelik deur die hoofstuk te lees en net te let op die ontwikkeling in die historiese gebeure. Ek wil die hoofstuk opdeel in die volgende 4 dele: (1) Abraham se opdrag aan sy slaaf (v1-10), (2) Die ontmoeting tussen die slaaf en Rebekka (v11-27), (3) Die ontmoeting tussen die slaaf en Rebekka se familie (v28-61), (4) Die ontmoeting tussen Isak en Rebekka (v62-67). Daarna wil ek aandag gee aan wat ons uit hierdie gebeure leer.

<u>Abraham se opdrag aan sy slaaf (v1-10)</u>

Lees vers 1. Die feit dat die Here Abraham geseën het, is natuurlik die direkte gevolg van die Here se belofte aan hom in Gen 12:2, en in ons bestudering van Abraham het ons telkens hierdie seën gesien.

Lees vers 2. Hier ontmoet ons Abraham se slaaf, wat 'n groot rol gaan speel in hierdie hoofstuk. Hy was die oudste in Abraham se huishouding – dit beteken hy was in beheer van die huishouding. Daar word bespiegel dat die slaaf dalk Eliëser was, van wie ons in Gen 15:2-3 gelees het as die een wat Abraham gedink het maar sy erfgenaam moet wees, siende dat hy nie op daardie stadium kinders gehad het nie. Ons weet dit nie verseker nie, maar as dit waar sou wees, dan sê dit nogal iets van die slaaf se hartsgesindheid: Dink daaraan – op 'n stadium was hy die moontlike erfgenaam, en nou moet hy juis 'n vrou gaan soek vir die een wat wel die erfgenaam sal wees, sodat daar nog meer afstammelinge en dus erfgename kan wees. Maar hierdie slaaf was baie getrou aan sy heer, en sy opdrag.

Lees verse 3-4. Hier is die detail van die opdrag van Abraham aan sy slaaf. Abraham laat die slaaf 'n eed aflê – duidelik is die saak vir Abraham baie belangrik – daarom moet die slaaf 'n eed aflê dat hy dit gehoorsaam sal doen. Die opdrag is dat hy vir Isak 'n vrou moet gaan kry. Maar hy moet nie 'n vrou uit die Kanaäniete kry nie, hy moet wel 'n vrou uit Abraham se familie gaan haal uit die land van waar Abraham destyds getrek het. Ons moet onthou die Kanaäniete was deel van die nageslag van Gam (Gen 10:15), wat deur die Here vervloek is na Gam se optrede teenoor sy pa Noag (Gen 9:25). Abraham se familie was egter afstammelinge van Sem (Gen 11:10-27), en in Gen 9:26 is Sem geseënd, siende dat die Here beskryf word as Sem se God. Abraham is dus besorgd dat sy nageslag deur Isak 'n voortsetting moet wees van Sem se nageslag, en nie moet vermeng met Gam se nageslag nie.

Lees vers 5. Die slaaf se besorgdheid is dat die vrou dalk nie bereid sal wees om na die beloofde land te trek nie – dit sal immers 'n groot besluit wees vir die vrou om so 'n groot skuif te maak.

Lees vers 6-8. Abraham is baie duidelik teenoor sy slaaf – hy mag eenvoudig nie toelaat dat Isak teruggaan na Abraham se land van herkoms nie. Abraham gee toe dat dit moontlik is dat die vrou dalk nie sal wil kom nie, en in so 'n geval sal die eed nie meer bindend wees vir die slaaf nie. Maar Isak mag nie teruggaan na daardie land nie. Ten diepste vertrou Abraham dat die Here sy engel sal stuur om sy slaaf en die vrou te lei om die regte ding te doen. Wat ons moet raaksien is: Al is Abraham oud, is hy steeds besorgd oor die vervulling van die beloftes van die Here aan hom: Isak moet 'n vrou kry – sodat daar 'n nageslag vir Abraham kan wees uit Isak en die vrou. Maar die vrou moet die regte vrou wees – nie uit die nageslag van Gam nie, wel uit die nageslag aan Sem. En boonop moet Isak, en die vrou, in die beloofde land bly – in lyn met die ander belofte van die Here.

Lees verse 9-10. Die slaaf het toe die eed afgelê, die nodige voorbereidings getref, en vertrek na die land van Abraham se herkoms.

<u>Die ontmoeting tussen die slaaf en Rebekka (v11-27)</u>

Lees verse 11-14. Die slaaf is nou in Abraham se land van herkoms, by die dorp van Nahor, by 'n put buite die dorp. En nou lees ons die eerste keer dat die slaaf tot die Here bid. As hy bid, spreek hy die Here aan as "die God van sy heer Abraham". Ons moet nie hieruit aflei dat hierdie slaaf ongelowig was en die Here net as Abraham se God gesien het nie. Nee, dit blyk uit sy gebed dat hy verstaan het dat hy persoonlik afhanklik is van die leiding van die Here. Wat ons eerder hier moet raaksien is die resultaat van die feit dat hierdie slaaf deel kon wees van Abraham se huishouding, deel kon wees van die verbondsgemeenskap, dat hy selfs saam met Abraham besny kon wees. Hy het geglo. Hierdie slaaf het verstaan wat die Here deur Abraham wil bewerk, en hy het hier die geleentheid om self 'n rol te speel in die realisering daarvan. Maar tog verstaan hy ook hoe nodig hy die leiding van die Here het – en daarom bid hy. Hy vra spesifieke leiding van die Here: Hy vra dat die regte vrou nie net vir hom moet water gee as hy vra nie, nee, sy moet ook aanbied om vir sy 10 kamele water te gee.

Waltke skryf hieroor, en sê ons moet verstaan dit is ‘n ernstige toets vir die vrou wat die slaaf sal nader. Hy skryf dat een kameel maklik soveel as 25 gallon water (meer as 90 liter) kan drink – en daar is 10 kamele! Dit sal boekdele spreek van ‘n vrou se karakter en gesindheid as sy bereid is om soveel water te gee vir ‘n vreemdeling se kamele.

Lees verse 15-16. Hier ontmoet ons Rebekka. Ons leer dat sy die dogter was van Betuel. Betuel was weer die seun van Nahor en Milka, terwyl Nahor Abraham se broer was. Dit beteken Rebekka was Nahor se kleindogter. Blaai gou terug na Gen 22:20-23. Hier lees ons dat iemand vir Abraham kom vertel het dat sy broer Nahor en sy vrou Milka ook kinders gehad het – en dan spesifiek ook dat Rebekka hulle kleindogter was. Ek wonder of dit Abraham aan die dink gesit het: miskien moet een van Nahor se nasate Isak se vrou word, en daarom het hy nou juis sy slaaf hierheen gestuur. Verder lees ons Rebekka was jonk, mooi en ‘n maagd.

Lees verse 17-21. Boonop slaag Rebekka die toets wat die slaaf voor die Here gebring het – sy laat hom water drink, en gee ook water vir sy kamele. Intussen het die slaaf haar stil gesit en dophou – hy wou seker maak of sy dalk die regte een is.

Lees verse 22-23. Die slaaf begin dink sy is moontlik die vrou vir Isak. Hy gee vir haar ‘n neusring en armband, en wil dan weet wie sy is.

Lees verse 24-27. Toe Rebekka aan die slaaf verduidelik dat sy deel is van Nahor se nageslag, en dus deel is van Abraham se familie, is hy oortuig: Rebekka is die vrou vir Isak. En vir ‘n tweede keer lees ons dat hy bid – die keer buig hy in aanbidding voor die Here en prys Hom dat Hy hom gelei het na Abraham se familie toe.

<u>Die ontmoeting tussen die slaaf en Rebekka se familie (v28-61)</u>

Lees verse 28-32. Rebekka het huis toe gehardloop en daar gaan vertel wat gebeur het. Nou ontmoet ons vir Laban – hy was Rebekka se broer. Dit is opvallend dat Laban, as Rebekka se broer, ‘n baie meer leidende rol in die verdere gebeure speel as Betuel, Rebekka se pa. Die rede hiervoor is nie duidelik nie – daar word oor bespiegel dat Betuel dalk om een of ander rede nie in staat was om die rol te vervul nie. Hoe dit ook al sy, Laban reageer direk, en hy reageer baie gasvry. Hy gaan nooi die slaaf by die put om by hulle te kom bly, hy versorg die slaaf se kamele, hy gee vir die slaaf en die ander by hom water om hulle voete te was, en hy berei vir hulle ‘n ete voor. Ek weet nie van julle nie, maar ek kan maar nie help om te wonder oor Laban se motivering nie – was dit alles opreg bedoel, of het hy bybedoelings gehad? Ons denke word seker beïnvloed omdat ons weet hoe Laban later sou optree teenoor Jakob.

Lees vers 33. Die slaaf laat hom nie van stryk bring deur al die gasvryheid nie. Hy is hier met ‘n doel. En hy wil met dringendheid eers die saak waarvoor hy hier is, hanteer, voor hy aan die ete deelneem.

Lees verse 34-49. In hierdie verse het ons ‘n gedetailleerde beskrywing van die toespraak wat die slaaf maak voor Rebekka se familie. Sy doel met die toespraak is natuurlik dat hy hulle hierdeur wil oortuig dat hulle Rebekka moet toelaat om saam met hom te gaan, om Isak se vrou te word. Ek som die inhoud van sy toespraak op:

- Die Here het Abraham ryklik geseën met baie materiële besittings (v35).
- Isak is eers op hoë ouderdom vir Abraham en Sara gebore (v36). Onthou, Rebekka se familie het nie vir Isak geken nie, hulle het nie geweet hoe oud hy is nie. Die slaaf wil hulle oortuig om Rebekka aan Isak as vrou te gee. Maar Rebekka is Nahor se kleindogter, terwyl Isak Abraham se seun is – Rebekka is dus ‘n geslag later as Isak. Maar die slaaf verduidelik dit

moet hulle nie ontstel nie – Isak is nie soveel ouer as Rebekka nie, want Isak is eers op hoë ouderdom vir Abraham en Sara gebore. Hy het moontlik selfs daarop gesinspeel hulle moet verstaan hoe uniek Isak is, deurdat die Here hom op hoë ouderdom vir sy ouers gegee het.

- Boonop is Isak die enigste erfgenaam – ook van al daardie materiële seën wat Abraham ontvang het – wat tot voordeel van sy toekomstige vrou sal wees(v36).
- Boonop het Abraham die slaaf 'n eed laat aflê dat hy 'n familielid moet kry as vrou vir Isak – trouens Abraham was oortuig die engel van die Here sal die slaaf na die regte vrou lei (v37-41). Rebekka se familie moet verstaan Abraham was oortuig dit was die Here se wil dat juis 'n familielid Isak se vrou moet word. Intussen het dit duidelik geword dit is ook juis waar van Rebekka (v47).
- Verder het die slaaf daardie middag by die put van die Here gevra om hom die regte vrou te wys deurdat sy moet optree soos wat die slaaf beskryf het, en dit is presies hoe Rebekka opgetree het (v42-46). Die Here het dus gewys dat sy die vrou vir Isak is.

Dit alles het die slaaf oortuig dat Rebekka die regte vrou vir Isak is, en daarom het hy die Here alreeds geprys omdat die Here hom so voorspoedig gemaak het, en daarom vertrou hy dat Rebekka se familie dit ook sal insien en haar saam met hom sal laat gaan.

Lees verse 50-51. Laban en Betuel stem saam. Hulle moet erken hierdie saak is duidelik deur die Here bewerk, hulle kan eenvoudig nie teen die feite argumenteer nie – duidelik is dit Here se wil. Onthou, hulle was nie gelowiges nie – Abraham se familie was afgodsdienaars. En tog was die feite so oorweldigend dat hulle moet saamstem – Rebekka moet saam met die slaaf gaan en Isak se vrou word.

Lees vers 52. Weereens reageer die slaaf deur in aanbidding voor die Here te buig – hy sien telkens die hand van die Here in die gebeure.

Lees vers 53. Hierdie geskenke was waarskynlik bedoel as 'n bruidskat aan Rebekka se familie.

Lees verse 54-56. Soos wat ons hierdie slaaf nou al leer ken het, is hy uit en uit gefokus op die afhandeling van sy opdrag. Siende dat die besluit geneem is dat Rebekka saam mag gaan, wil hy die volgende more direk vertrek. Maar daar is 'n onverwagse gesindheidsverandering by Laban en sy ma – hulle wil die vertrek uitstel, met 'n dag of tien. Maar die slaaf is onwillig.

Lees verse 57-58. Die uitkoms van die geskil was om die keuse of sy wil saamgaan of nie, aan Rebekka oor te laat. Rebekka se antwoord was eenvoudig en met oortuiging: "Ek wil gaan". Ons moet nie die implikasies van haar besluit vir haar geringskat nie. Haar keuse is soortgelyk aan Abraham se keuse destyds – soos Abraham destyds sy land en sy familie moes agterlaat, so moet Rebekka nou dieselfde doen. En soos Abraham, neem sy ook dieselfde besluit as hy. Ons moet aflei dat sy soos Abraham die besluit in die geloof geneem het – sy moes sekerlik ook na die slaaf se toespraak die vorige aand geluister het en oortuig geword het van die Here se hand in dit alles – en daarom gaan sy met oortuiging saam.

Lees verse 59-61. Rebekka vertrek saam met die slaaf. Haar familie groet haar met 'n seën – die inhoud van die seën is dat sy 'n groot nageslag sal hê van duisende, selfs tienduisende, en dat haar nageslag die poorte van hulle vyande in besit sal neem. Lees Gen 22:17 – dit is presies dieselfde belofte wat die Here aan Abraham met 'n eed bevestig het nadat hy Isak moes offer.

<u>Die ontmoeting tussen Isak en Rebekka (v62-67)</u>

Lees vers 62. Ons lees Isak het in die Negev gewoon – by Beër-Lagai-Roï. Dit is natuurlik die plek waar die Engel van die Here destyds vir Hagar ontmoet het toe sy van Sara weggeloop het (Gen

16:13-14. Die plek se naam beteken: Put van die Lewende wat my sien. Hagar het destyds erken dat die Here haar in haar nood gesien het. Nou is Isak op die punt om te ervaar hoe die Here hom ook raakgesien het.

Lees verse 63-67. Toe Isak in die aand in die veld gaan stap het, het die slaaf saam met Rebekka daar aangekom. Toe sy hoor dat dit Isak is, het sy uit respek haar gesig met 'n sluier bedek. Die slaaf het aan Isak alles verduidelik wat gebeur het – sekerlik ook hoe die Here telkens voorsien het, sodat Isak ook seker kon wees sy is die vrou wat die Here vir hom gestuur het. Isak het Rebekka as vrou geneem, en hy was lief vir haar. Boonop het dit aanleiding gegee dat hy getroos is oor die dood van sy ma, Sara.

<u>Wat leer ons uit hierdie gebeure?</u>

Die vraag is nou: Wat moet ons leer uit hierdie gebeure? Ja, dit is 'n aangrypende en mooi verhaal wat vertel hoe Isak 'n vrou gekry het. Maar hier is sekerlik meer om raak te sien. Ek wil graag 4 aspekte uitlig wat uit hierdie gebeure na vore kom:

- Hierdie verhaal is deel van die Here se openbaringsgeskiedenis, dit is dus deel van die Here se groot plan. Ons sien dit in die feit dat die gebeure juis geïnisieer word deur Abraham wat, selfs al is hy oud en gevorderd in jare, steeds besorgd is oor die vervulling van die beloftes van die Here aan hom. Hy is steeds besorgd dat daar 'n nageslag deur Isak moet wees – daarom moet Isak 'n vrou kry. Maar dit moet 'n vrou wees uit die nageslag van Sem, nie uit Gam nie – in lyn met die uitsprake van die Here destyds deur Noag. Verder moet Isak in die beloofde land bly – in lyn met die belofte van die Here aan homself. Ons sien dit verder in die seën wat Rebekka se familie haar mee groet as sy vertrek om Isak se vrou te word – die inhoud van daardie seën is dieselfde as die inhoud van die Here se seën aan Abraham. Hierdie gebeure werk na dieselfde einddoel as die vorige handelinge van die Here met Abraham:. Die ontwikkeling in die openbaringsgeskiedenis deur hierdie gebeure, is dat dit nou duidelik is hoe die nageslag van Abraham gaan groei: Dit gaan gebeur deur Isak en Rebekka as sy vrou, terwyl hulle in die beloofde land woon. Al met al, nog 'n tree vorentoe in die vervulling van die Here se beloftes.
- Hierdie verhaal is ook gevul met 'n verskeidenheid van individue wat in gehoorsaamheid aan die wil van die Here, optree. Let op: hulle is gehoorsaam en hulle tree op, hulle doen dinge, hulle neem inisiatief en sit nie maar net terug en wag dat die Here Sy plan uitvoer nie. Ons sien hierdie inisiatief by Abraham as hy die inisiatief neem om sy slaaf te stuur. Ons sien sy gehoorsaamheid aan die wil van die Here as hy baie dringend verduidelik die vrou moet uit sy familie kom, en Isak mag nie die land verlaat nie. Ons sien ook inisiatief en gehoorsaamheid by die slaaf: Hy is bereid om homself met 'n eed aan Abraham se opdrag te verbind. Ons sien sy ywer as hy deeglik voorberei vir die lang trek na Mesopotamië. Ons sien sy inisiatief as hy 'n toets uitwerk oor hoe hy die regte vrou kan identifiseer. Ons sien sy ywer en gehoorsaamheid as hy krities Rebekka se optrede meet aan die toets wat hy met die Here uitgeklaar het. Ons sien hoe hy met dringendheid by haar familie optree nadat hy self oortuig was sy is die regte vrou. Hy span hom in om hulle met 'n goed gemotiveerde toespraak gebaseer op feite te oortuig dat sy deur die Here gekies is as vrou vir Isak. Ons sien dit in sy dringendheid om haar so gou as moontlik by Isak te bring, en ook deurdat hy haar op die ou end veilig by Isak te bring. Ons sien dit ook as hy Isak oortuig sy is die Here se keuse vir hom. Ons sien hierdie gehoorsame optrede selfs by Rebekka se familie, as hulle oortuig word dat dit werklik die wil van die Here is, selfs al stribbel hulle bietjie teë. Natuurlik sien ons hierdie gehoorsame optrede by Rebekka, as sy met oortuiging verklaar sy

wil saamgaan om Isak se vrou te word. Ons sien dit ook by Isak, as hy oortuig word Rebekka is sy vrou.

- Ons sien ook dat mense wat hier opgetree het, opgetree het in 'n besef van hulle afhanklikheid van die Here. Ons sien dit veral by Abraham: Dink aan Abraham wat vir sy slaaf gesê het hy is oortuig die Here sal sy engel voor sy slaaf uitstuur, sodat hy 'n vrou vir Isak sal vind. Maar ons sien dit veral duidelik by die slaaf: As hy by die put kom, dan bring hy 'n deeglik uitgewerkte toets voor die Here wat hy wil gebruik om die regte vrou te kies. Maar hy verstaan dat die Here steeds die Een is wat sy toets moet goedkeur, en wat vir hom moet wys watter vrou die regte een is. Hy verstaan hy kan alleen reg besluit as die Here sy besluit beaam. Ons sien sy begrip van sy afhanklikheid van die Here as hy direk die Here in aanbidding prys wanneer dit vir hom duidelik word Rebekka is die een. Ons sien dit weer as hy opnuut die Here aanbid as Betuel en Laban instem Rebekka mag saam met hom gaan.
- Die onmiskenbare voorsiening van die Here kom ook telkens deur die loop van die gebeure na vore. Dink aan die volgende: Dit lyk of die tyding dat Nahor se vrou Milka ook kinders gehad het, Abraham aan die dink gesit het om daar vir Isak 'n vrou te gaan soek. Dit was die Here wat die slaaf direk na die regte put gelei het. Terwyl die slaaf daar by die put nog besig is om te bid oor hoe hy die regte vrou sal identifiseer, was dit die Here wat al die regte vrou na hom gelei het. Die Here bewerk soveel motivering dat selfs die ongelowige familie van Rebekka nie anders kan as om te erken dit is die Here wat dit alles bewerk het nie. Al hierdie sameloop van gebeure het ook selfs vir Rebekka oortuig hierdie moet 'n roeping van die Here wees. En so ook vir Isak.

Vier aspekte: die groot openbaringsplan van die Here, die gehoorsame optrede van mense, die besef van hierdie mense dat hulle afhanklik van die Here is, en die Here wat deurgaans voorsien. Hierdie 4 aspekte loop hand aan hand: Die groot openbaringsplan van die Here beweeg vorentoe, omdat die mense wat die Here op daardie stadium daarby betrek het, bereid was om op te tree in gehoorsaamheid aan Sy wil. Maar, hulle het deurgaans verstaan, hulle is afhanklik van Hom en Sy leiding om die regte besluite te neem. En die Here het deurgaans hulle hande versterk deur vir hulle te wys hoe hy stap vir stap voorsien, wat dan weer aan hulle die motivering gegee het om met oortuiging verder te gaan. En die resultaat is die openbaringsgeskiedenis beweeg vorentoe.

Ons is oortuig die openbaringsgeskiedenis is afgesluit met die afsluiting van die kanon. Maar die wêreldgeskiedenis beweeg steeds voort. Ons weet wat God se groot plan is met die wêreldgeskiedenis. Ons weet ook dat die Here juis mense, en veral gelowiges, wil gebruik om die wêreldgeskiedenis te gebruik om by Sy doel uit te kom. Maar dit beteken hulle moet optree, hulle kan nie maar net sit en wag dat die Here Sy plan uitvoer nie. Hulle moet met dringendheid optree. Hulle moet natuurlik ook in gehoorsaamheid optree. Dit beteken hulle moet planne maak – soos Abraham en sy slaaf. Alhoewel hulle planne maak en inisiatief toon, moet hulle ook verstaan hoe afhanklik hulle van die Here is – hulle moet dus gereeld bid, soos die slaaf – voor elke stap die Here bid vir leiding, en na elke stap die Here prys vir Sy leiding. En intussen hou hulle hulle oë oop om die voorsiening van die Here op verskillende stadiums van hulle optredes raak te sien. Dit oortuig hulle hulle is op die regte pad, en motiveer hulle om aan te hou.

Abraham was besonder besorgd oor die bou van 'n nageslag in die beloofde land. Netso het ons die opdrag om besorgd te wees oor die groei van God se koninkryk. Abraham het verstaan wat moet gebeur – Isak moet 'n vrou kry. Ons weet ook wat moet gebeur – die evangelie moet verkondig word. Abraham het nie presies geweet wie die vrou is deur wie die nageslag gebou gaan word nie – maar met die kennis wat hy gehad het, het hy inisiatief geneem. Ons weet ook nie altyd presies hoe en waar die koninkryk volgende gaan groei nie – maar met die kennis wat ons het moet ons ook

inisiatief neem. Abraham het sy beste slaaf betrek, van wie hy moes geweet het dat hy goed verstaan hoe afhanklik hy van die Here is. Ons moet ook onsself omring met mense wat weet hoe afhanklik hulle van die Here is. En soos Abraham en sy slaaf die taak aangepak het, in afhanklikheid en met hulle oë oop om die voortdurende voorsiening van die Here raak te sien, so moet ons ook saam met hierdie mense die taak aanpak, in afhanklikheid en met ons oë oop om die voortdurende voorsiening van die Here raak te sien. Kort voor lank het Abraham-hulle se optrede tot gevolg gehad dat die openbaringsgeskiedenis nog ‘n tree verder ontwikkel het. En netso kan ons oortuig wees: kort voor lank sal die wêreldgeskiedenis nog ‘n treetjie vorder nader aan die volle vervulling van die Here se plan.

Hierdie is ‘n opwindende avontuur – maar jy sal dit net ervaar as jy aktief deelneem. Die Here wil dat ons elkeen betrokke moet wees.